

18 Maart

Skrifgedeelte: Romeine 4:13-17

Fokusgedeelte: Romeine 4:16

Die vroomheid van ons voorgeslag niksseggend

Wat 'n voorreg om gelowige voorouers te kon hê, maar maak dit werklik saak indien u ouers nie geloofsreuse was nie? Ja, Abraham se nageslag gaan die wêreld beërwe en in hom gaan die nasies geseënd wees. Let egter op – Abraham sou nooit hieroor kon roem nie, want dit was nie deur sy goeie lewe (wetsonderhouding) dat sy nageslag geseën gaan word nie.

God het Abraham en sy nageslag geken en geweet hulle gaan nog baie sondes doen, foute maak en as Godsvolk misluk. Gevolglik sorg God self dat die gevolge van hul sondes gekeer word. Hy stel sy Seun beskikbaar sodat Hy namens sy volk God se wil sal doen. Hy is dié Een wat die seën van die erfenis kan waarborg sodat dit tot by ons kan versprei. Wat 'n voorreg as jy in die lewenspore van gelowige voorouers kon loop, maar wonderliker is die seën en pad wat vir jou oopgemaak is in Jesus se sterwe!

Sing: Skrifberyming 2-2:1

Dr. JL Venter (Pretoria-Annlin)